

Crinum stuhlmannii subsp. delagoense



Dis ongelooflik, met watter verrassings die Namibiese veld vorendag kom, as dit gereën het: Lentetyd is lelietyd, nie net in ons tuine nie, maar ook in die natuur. Hierdie jaar kan ons na die eerste vroeë reëns hierdie skouspelagtige lelie sien, dis iets besonder, omdat dit 'n **groot** tros trompetvormige blomme het, (tot 30 enkele blomme, myne het 18 gehad) met elke enkele blom ongeveer 15 cm lank en 10 cm in deursnee! Die blomme is wit en het 'n pienk tot rooi streep in die middle van elke kroonblaar.



Gewoonlik verskyn die blomtros, voor die blare, en jy is gelukkig as jy dit te siene kry, want blykbaar is dit lekker dierekos; blomme en blare word tot op die grond afgevreet. Snaaks genoeg, nie die vruggies nie., dalk is hulle giftig of onsmaklik.



Die blare is ook iets om te aanskou (as hulle nie opgevreet is nie): Hulle word tot 'n meter lank, is blink heldergroen en baie breed, volgens inligting uit die Okahandjadistrik tot 25cm breed; hierdie mates pas eintlik beter by die Welwischia mirabilis plant as by 'n amaryllis-lilie! Die kant van die blaar is ook nie glad, soos dit die eerste indruk laat blyk nie, maar dit is baie fyntjies



“uitgerafel”; dit lyk of die kant gevorm word deur 'n fyn digte ry growwe haartjies



Daaraan kan 'n mens die *Crinum stuhlmannii subsp. delagoense* goed herken, behalwe natuurlik aan die baie aantreklike blomme.

Na die blomme bestuif is, groei daar vlesige saadbollatjies, wat in 'n papieragtige omhulsel bymekaargehou word, tot hulle klaar is. Dan bars die “kardoesie” oop en die wit saadbolletjies val op die grond. Daar lê hulle tot hulle weggedra word of wortel kan skiet .

In die grond sit 'n groot en vet ui-bol wat in die grond oorleef tot dit weer reën.

Soos ons almal weet, het Amaryllisplante ook vyande; hierdie vyande is nie net die plant se vyand nie, maar ook ons tuiniers s'n! Hulle vernietig blomme, blare en as dit erg kom, ook die bol. Ek paat hier van die Amaryllis-ruspe, 'n swart- en geel-gestreepte motlarwe, wat onder die blaarhuid die blaarvlees opvreet. Met Karbapoeier kan 'n mens dit bydam, maar sodra dit onder die blaarhuid sit, help die poeier nie meer nie.

'n Ander euwel is die groot swart kalander (moose faced weevil /Rüsselkäfer) met rooi kolle op.



Lelie-ruspe (*Brithis crini*) onder die blaarhuid

lelie kalander (*Brachycerus ornatus*)

Uit die Amaryllis-familie is daar nog ander *Crinum* spesies, wit en/of pienkerig wat ook in die veld groei en regtig baie mooi is. Dit kan 'n fokuspunt in ons tuine wees, as ons dit daar plant. In die veld groei dit in donkerrooi sandgrond, goeie grond, wat goed dreineer.



Inligtingsbronne: Google Wikipedia

Coleen Mannheimer, Wiebke Schlettwein (fotos en inligting), Christie Dorfling (fotos en inligting), Diethelm Metzger, Lynette Strijbis (foto en inligting), Gernot Jacobi, Alex Dreyer, Swen Knye, Petra Schill (BAIE DANKIE!)

Teks en fotos: Anka Eichhoff

November 2017

